e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

6 Junie 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 17

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Wie sal ons mis?

My pa het my en my boetie geslaan... Ek het vier uur in die oggend oor die heining geklim om skool toe te gaan sodat hy my nie kon keer nie... Tannie Suzanne het my gehelp om daar uit te kom...

Só het 'n jong meisie tydens die 6de ADV vertel hoe 'n maatskaplike werker van die Ondersteuningsraad haar gehelp het om by 'n plek van veiligheid te kom. *Later*, vertel sy, *was ek só opgewonde toe ek DPS-huis toe kon gaan – my eie bed, my eie plekkie.*

Hierdie was een van die aangrypende verhale wat gehoor is tydens die 6de ADV. Nog só 'n aangrypende verhaal was toe 'n vrou praat oor mans wat hul vroue mishandel. Jy kon 'n speld hoor val toe sy sê: *Ek was een van daardie vroue...*

Baie van ons het al die vraag gehoor: Wie sal ons mis as ons gemeente vandag ophou om te bestaan? Ek wil dit vra oor ons Kerk: Wie sal ons mis as ons ophou bestaan? Sal dit die 2 000 of meer kinders wees wat deur ons Kerk se Ondersteuningsraad in pleegsorg geplaas is? Of die 36 erg getraumatiseerde kinders in die DPS-huise? Wat van die vroue wat deur hul mans mishandel is? Of die paar duisend mense wat daagliks deur gemeentes en lidmate van die Kerk kos kry? Gaan die 1 300 bejaardes in die tehuise ons mis? Of dalk die kinders wat blind, swaksiende, doof, hardhorend, leergestrem of fisies gestrem is? Die voorbeelde raak te veel om op te noem!

Die 6de Algemene Diakensvergadering het probeer om hierdie verhale van nood en hulp te vertel. En die boodskap wat ongesê uitgebasuin is, is dat die Kerk 'n verskil maak. Lidmate maak 'n verskil, gemeentes maak 'n verskil, almal van ons, as Hervormde Kerk, maak saam 'n verskil. In die voetspore van Christus dien ons, en deel ons sy liefde en hoop uit.

Vanjaar was die eerste keer dat die ADV begin is met 'n dienswerkdag. Afgevaardigdes is opgeroep om vroeër te kom en dienswerk te doen by 'n plakkerskamp onder leiding van Doulos Armoedebediening, en by een van die TOIBO-skole, Prinshofskool vir Gesiggestremdes. Elke afgevaardigde is gevra om iets vir die plakkerskamp en/of iets vir die skool saam te bring. Groot was die verrassing toe nie net die afgevaardigdes nie maar hele gemeentes deel geword het van hierdie dienswerkdag. Materiële en geestelike hulp het hand aan hand gegaan. 'n Groot hoeveelheid Bybels is aan mense geskenk. Goedere ter waarde van R187 000 is aan die armes geskenk. Skryfbehoeftes, hulpmiddels en geskenke van maklik R20 000 is geskenk aan Prinshofskool. Dit laat jou net besef dat, ten spyte van soveel spanning en uitdagings in ons Kerk, die hart van die Kerk steeds Christus se liefde is.

Vir my persoonlik het die hoogtepunt van die 6de ADV 'n bietjie later daardie dag plaasgevind. Tydens die openingserediens se toetredelied het die gemeente Gesang 164 gesing: *Ons is almal hier tesaam vergader in sy Naam, verheerlik Hom.* En spontaan het die kinders van Transoranje-skool vir Dowes die woorde op die skerm gesien en met gebare – hul stemme – saam met ons God verheerlik.

So, as ons wonder oor die toekoms van ons Kerk, en of iemand ons gaan mis, is daar net een antwoord: Ons is almal hier tesaam in God se Naam. Verheerlik Hom!

Ds Gerhard Stoltz
Sekretaris: Kommissie van die ADV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Willem Slabbert** (emeritus) na Grootvlei (benoeming)
- **Ds Monja-Lize van Belkum** van El-Flora (benoeming) na El-Flora
- **Ds Marna van der Westhuizen** van Ogies na Oos-Moot (benoeming)

Ds Willem Slabbert

Ds Monja-Lize van Belkum

Ds Marna van der Westhuizen

Vakante standplaas

- **Gemeente Saffierkus in Amanzimtoti** beplan om eersdaags te beroep/benoem en wag aansoeke in van predikante **(emeriti ingesluit)** wat nie voltyds 'n ander beroep beoefen nie en wat **permanent of vir 'n korter periode** in **deeltydse/ deelsorghoedanigheid** of as **pastorale sorg** in die gemeente kan werk. Profiel van gemeente: 130 belydende lidmate, die helfte ouer as 55. Diensbeskrywing: Gewone werk van 'n voltydse predikant met besondere klem op prediking, pastoraat en opbou van die gemeente. Vergoeding: Alles insluitend R14 000 per maand. Samestelling van pakket onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar. Navrae kan gerig word aan Celia Biggs by 031 903 7970 / 082 410 5444, Frans Hamilton by 082 565 8293, of prof Bieks Beukes by 072 036 4960. CV's kan na **cbiggs@telkomsa.net** gestuur word. **Aansoeke sluit op 31 Julie 2013.**

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Gemeente Grootvlei** benodig 'n **doopvont**. Indien u kan help, kontak ds Wim Slabbert by 082 296 4150 of mnr Nico Kruger (skriba) by 084 627 3819.

Andries Pretorius saam met Vicki Fourie

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Vermy dit om mense met gehoorverlies in groot groepe te onthaal. Omdat mense met gehoorverlies op een persoon moet fokus wanneer hy/sy praat, kan dit moeilik wees wanneer dit kom by 'n groot groep. Hulle kan nie uitmaak wie besig is om te praat nie. Dit is beter om in kleiner groepies uit te gaan of, nog beter, as dit een tot een is (Vicki Fourie, Mej Dowe SA 2009).
- **Videomateriaal van die 6de ADV.** Baie mense vra na die beskikbaarheid van die videomateriaal wat tydens die 6de ADV opgeneem is. Ons is tans in die proses van redigering en dit sal binnekort op die ADV se webblad beskikbaar gestel word om deur middel van die internet gekyk te word. Verder sal die volledige reeks video's op DVD beskikbaar gestel word vir aankope teen 'n minimale bedrag. Ons sal u op die hoogte hou van verwikkelinge.

aksiegroep vir bejaardes

- **AGB-wenk:** Gemeentes kan inligting oor gehoorapparate aan hul bejaardes voorsien. Waar nodig, reël besoeke en verskaf vervoer na dokters en oudioloë. Begin 'n fonds vir gehoorapparaatbatterytjies en voorsien dit vanuit die AGB (Aksiegroep vir Bejaardes), Diensgroep vir Bejaardes of Diakonie. Vir meer inligting, kontak die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.
- **Evaluering van voornemende teologiestudente.** Die evaluering vind op **12 Julie 2013** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer

het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **14 Junie 2013.**

- **Toer die Droom 2013: Gemeente Philadelphia**
  Ter ondersteuning van minderbevoorregtes in en om Pretoria
  29 Junie tot 13 Julie uit Pretoria na Laeveld en terug
  Beoog om vanjaar R500 000 in te samel
  Wil u optree as naamborg (R40 000), sekondêre borg (R20 000)
  of enige ander bedrag bydra?
  Kontak Joleen Joubert (Bemarking) by **joleen@mweb.co.za** / 072 272 6644

Prof Natie van Wyk

- **Bydraes vir die *THT*.** Lidmate, kerkraadslede, predikante en akademici kan artikels voorlê vir twee spesiale uitgawes van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* wat aan die begin van Augustus gepubliseer sal word. **Hervormde ekklesiologie:** Artikels wat oor verskillende aspekte van die kerklike lewe handel, byvoorbeeld ook teologiese besinnings oor die werksaamhede van die ADV en die NHSV. ***Kerk – Fakulteit*; *Teologie – Wetenskap.*** Artikels wat handel oor die verhouding tussen Kerk en Fakulteit, en artikels oor die hele vraagstuk *Teologie – Wetenskap*. Dit sluit in teologie as wetenskap, kritiese teologie en Bybels-Reformatoriese teologie. **Die laaste datum vir die inhandiging van artikels is einde Julie 2013**. Die artikels kan van 2 500 woorde tot 7 500 woorde lank wees. Kontak prof Natie van Wyk by **aim@mweb.co.za** vir meer inligting.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Laer Suidkus: Feesnaweek 14-16 Junie**
  40-jaar-viering
  Vrydagaand 14 Junie vanaf 18:00: Sop-en-sjerrie-ete
  In kerksaal te Scottstraat 3, Port Shepstone
  Oudlidmate wat vakansie hou aan die Suidkus van KZN baie welkom
  Geen koste maar donasies is welkom
  Sop en sjerries word voorsien, bring eie ander drinkgoed saam
  Bevestig teenwoordigheid asseblief vooraf
  Saterdag 15 Junie vanaf 12:00: Potjiedag by die MOTH-saal te Sea Park
  Kontantkroeg, plaaslike gaskunstenaar maak musiek
  Rugby op die groot skerm sluit die dag af
  Kaartjies R50 per persoon
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**
  Sondag 16 Junie om 09:30: Dankdiens in die kerkgebou

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering**
  Vrydag 30 Augustus: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 31 Augustus: Feesgeleentheid
  Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
  Sondag 1 September: Hoeksteenonthulling en erediens
  gelei deur ds Barrie Oberholzer
  Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
  +264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 14 Junie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 6 Junie: Prof Andries Breytenbach (emeritus), di Petrus Dreyer (Barberton) en Herman Jansen van Rensburg (emeritus)
  - Vrydag 7 Junie: Di Leon Nell (emeritus) en Johnny Young (Rustenburg-Tuine)
  - Saterdag 8 Junie: Ds Willem Breytenbach (Hazyview/Sabie)
  - Sondag 9 Junie: Ds Kotie Mc Donald (beroepafwagtend)
  - Woensdag 12 Junie: Ds Nico Brayshaw (emeritus)
  - Donderdag 13 Junie: Prof Bieks Beukes (emeritus), di Ben Erasmus (emeritus), Kerneels van Niekerk (emeritus) en Koos Viljoen (emeritus)
  - Vrydag 14 Junie: Ds Gert Beukes (emeritus)

Beplande vergaderings

- Donderdag 6 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 7 Junie: Kommissie van die AKV
- Maandag 10 Junie: Redaksie van *Konteks*
- Dinsdag 11 Junie: Operasionele Komitee van die Ondersteuningsraad
  Aksiegroep vir Bejaardes

Kursusse en toerusting

- **Hervormde Teologiese Kollege (HTK): Openbare lesings**
  Woensdag 12 Junie om 19:00
  Dr Wouter van Wyk (SENTIK): *Die Bybel, interpretasie en Skrifgebruik*
  Donderdag 8 Augustus om 19:00
  Dr Wim Dreyer: *Die resente kerkgeskiedenis van die NHKA*
  By die Fakulteit Teologie, UP
  Alle lidmate en ampsdraers is welkom om die lesings by te woon
  en aan die gesprek deel te neem

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
  (Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
  Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
  en predikant van NG Kerk Groenkloof
  Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
  Bespreek by Elize by 072 600 5809 of
  deoudepastorie.victoriawest@gmail.com
  Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782 of
  pieterjanob@gmail.com

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir ’n **student**. Dit bestaan uit ’n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur ’n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans by die Dienshuise beskikbaar:
  2 groot luukse kamers: R4 500 elk
  Kleiner kamer met stort: R3 000
  Klein kamer sonder badgeriewe: R2 250
  Ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes, wat self hul kamer en wasgoed moet doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder mev Mariana van Tonder by 015 491 6314

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Nog tot Vrydag 7 Junie: Gemeente Hartebeeshoek**
  Jaarlikse Revuefees
  Laerskool Akasia om 19:00
  R50 per persoon, voorskoolse kinders gratis
  Te koop: Vetkoek met maalvleis, kerrie-en-rys, drinkgoed
  Kontak Elma Williams by 082 562 5244 vir meer inligting
  Kaartjies ook by deure te koop

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: NUWE DATUM!**
  1 tot 17 Mei 2014
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Bergsig: 7 en 8 Junie**
  hv Karel Trichardtlaan & Leonidestraat, Mountain View
  Vrydag 7 Junie 15:00 tot 18:00: Slap skyfies en *chicken strips*
  R25 per persoon
  Fredi Nest 18:00 tot 19:00: R30 per persoon
  Navrae by 082 377 0747
  Saterdag 8 Junie: Osbraai
  Porsie vleis, pap, mengelslaai, pampoenkoekies en sny tuisgebakte brood
  R50 per persoon
  Heel brode R20 per brood kan ook bestel word
  Etebestelling by Marie 082 402 4170

- **Gemeente Laer Suidkus: Jaarlikse *Prawn*-fees**
  Vrydag 5 Julie vanaf 18:30
  In saal van Hoërskool Suid-Natal
  Driegangmaal met eet-soveel-*prawns*-as-jy-wil as hoofgereg
  R150 per persoon
  Ete met hoender as hoofgereg teen R75 per persoon ook beskikbaar
  Besprekings is belangrik, want kaartjies verkoop vining
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok

plus 4 dae en 3 nagte verblyf
3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
plus 3 dae en 2 nagte verblyf
Geborg deur Nyalarus-wildplaas tussen Groblersdal en Marble Hall
Plaas se professionele jagter kan gebruik word
Kontak Adri Nel by 084 200 1027
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895
Sluitingsdatum 31 Augustus, trekking 1 September 2013

Basaars en markte

- **Vrydag 7 Junie vanaf 12:00: Gemeente Piet Potgieter (Potgietersrus) 40-jaar-feesbasaar**
  Wildsbiltong en wors, gebak en basaarkos
  Teetuin, groente en handwerk
  Kontak Wilma saans by 078 196 7106
  of Janie soggens by 015 491 6310

ANDER NUUS

- **Vakature: Assistentverpleegster**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30
  in die Aula, UP
  Romanz en Nianell: *'n Duisend drome*
  Kaartjies R120 tot R150
  per persoon
  Besprekings by skool
  012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) /
  Lizet 082 550 6960

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Gesprek oor die Kategismus tot versterking van geloof
  Datum: Maandag 17 Junie
  Plek: Gereformeerde Kerk
  Bellville, Broadwaystraat 6,
  Vredelust, Bellville
  Tyd: 17:00 tot 21:30 (aandete en verversings)
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word @ R25
  Sprekers: Dr Victor E. d'Assonville, dr Lourens Erasmus,
  dr Gerard Meijer, ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Ds Coen Vrey
  Vir bespreking van ete: 021 911 5419 of **cca.vrey@telkomsa.net**
  Vir algemene navrae: 012 332 1196 of **gerardjmeijer@gmail.com**

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Toer na Nederland en Duitsland
  18 tot 28 September 2013
  Die toertaal is Afrikaans!
  Toergids dr Victor d'Assonville, toerleier ds Malan van Rhyn
  Deposito van R3 000 aan Seagull Toere nodig om plek te verseker
  Kontak ds Malan van Rhyn by 082 858 0538 / **mvanrhyn@telkomsa.net**
  of dr Victor d'Assonville by **vieddas@yahoo.de**

- **Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00**
  Predikanteseminaar
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn en mnr Eugene Coetzer
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen **Vrydag 20 September** op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 /
  jacobus.debruyn@gmx.com

AGTERBLAD

VTT Junie 2013

Die Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) het op Dinsdag 4 en Woensdag 5 Junie by Gemeente Wapadrant plaasgevind.

Vanjaar se VTT was effe anders as gewoonlik: Benewens die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, dr Christo van der Merwe, en die Kerk se teologiedosente, was daar ook 'n gas uit Nederland, prof Toine van den Hoogen (Nijmegen), wat as inleier by een van die gespreksessies opgetree het. Aangesien prof Van den Hoogen slegs die Junie-sessie van die VTT kan meemaak, is die volle twee dae se verrigtinge ook verfilm. Die resultaat sal dan by VTT-aanbiedings elders in die land en in Namibië gebruik word, en kan ook op versoek aan belangstellendes beskikbaar gestel word.

Daar was 'n groot groep predikante bymekaar vir hierdie VTT. Die tema was *Geloofsonderskeiding soos belig vanuit die verskillende vakdissiplines*, met die groepbesprekings lewendig en die interaksie tussen die predikante besonder positief.

Die volgende VTT vind op 5 en 6 November plaas.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel